## **Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou.**

**Donderdag 22 September 2022**

**<u>Lees</u>: <u>Open 16:15</u>** "Kyk, Ek kom onverwags soos 'n dief. Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou, sodat hy nie kaal hoef te loop en die mense sy skande sien nie."

| **<u>Daar is sewe seënspreke net in die boek Openbaring alleen.</u>** | |
|---|---|
| 1:3 | Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees. |
| 14:13 | Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe |
| **16:15** | **Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou** |
| 19:8 | Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is. |
| 20:6 | Geseënd is die wat aan die eerste opstanding deel het |
| 22:7 | Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem. |
| 22:14 | Geseënd is die wat hulle klere was |

Om hierdie seënspreek te verstaan moet ons Openbaring 6:12-16 lees om die agtergrond te verkry.

**<u>Open 16:12-16</u>**

12 "Die sesde engel het toe sy bak op die groot Eufraatrivier uitgegooi. Die water daarvan het opgedroog om 'n pad vir die konings uit die ooste oop te maak.

13 Toe sien ek uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die vals profeet drie onrein geeste kom wat soos paddas lyk.

14 Hierdie geeste, wat wondertekens doen, is bose geeste. Hulle gaan na die konings van die hele wêreld toe om hulle byeen te bring vir die oorlog op die groot dag van God, die Almagtige.

15 "Kyk, Ek kom onverwags soos 'n dief. **Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou,** sodat hy nie kaal hoef te loop en die mense sy skande sien nie."

16 Die geeste het die konings byeengebring op die plek wat in Hebreeus Armageddon genoem word."

Die sesde engel het sy bak op die Eufraat rivier uitgegooi. Die bedoeling was simbolies sodat die volkere van die Ooste van die Eufraat teen die Westerse volke kon veg. Dit is simboliese taal. In vers 13,14 lees ons van die Sataniese drietal nl. die draak – dit dui op die Satan self, die dier uit die see – dui op die antichristelike wêreldmagte en die vals profeet – dui op die valse profete wat teen die Heilige Gees praat en werk. Uit elkeen van hulle se monde kom daar 'n padda wat simbolies is van 'n bose gees. Hierdie oorlog of botsing sal plaasvind op die groot dag van God, die Almagtige. Maar dit is God wat die dag bepaal en wanneer dit sal wees moet ons nie probeer bereken of uitvind nie.

Maar nou gee God aan ons 'n Seënspreek in **<u>Open 16:15:</u>**

15 "Kyk, Ek kom onverwags soos 'n dief. **Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou,** sodat hy nie kaal hoef te loop en die mense sy skande sien nie."

Dit is 'n trooswoord sowel as 'n vermaning. Dit is 'n trooswoord, want elkeen en almal wat in die geloof standvastig bly, wat God bly dien in en deur Jesus Christus, wat gereed is in die geloof is gelukkig, is salig. Dit is dieselfde gedagte as die van die tien maagde waarvan ons lees in Mat 25. Vyf van hulle se olielampies was vol en hulle was gereed vir die koms van die Bruidegom en

vyf was nie gereed nie.  Daarom die waarskuwing, hou jou klere aan, wees gereed, hou jou wapenrusting aan, wees altyd in die geloof gereed vir die dag van die Here.

So moes die Israeliete op die paasnag ook gereed gewees het met hulle klere aan, gereed om te trek.
**<u>Ex 12:11</u>** "Julle moet dit haastig eet, aangetrek vir die reis, skoene aan die voete en kierie in die hand. Dit is die paasfees van die Here."

Is jy gereed vir die wederkoms?
Is jy in die geloof reg, maw glo jy absoluut dat Jesus Christus jou Verlosser en Saligmaker is?
Wys jou geloof uit jou dade in jou diens aan die Here elke dag?
Is jy soos die Israeliete aangetrek, gereed as Jesus Christus nou sou kom?

Mag ons elke dag gereed wees en mag ons elke dag die vrede en liefde en genade van God in ons lewens ontvang.

Aan God al die eer.

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595:*** **<u>gskruger1@gmail.com</u>**